

Algemene Diakensvergadering

Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is

Kommissie van die Algemene Diakensvergadering

Tel 012 322 8885 x221, sekretaris@nhk-adv.org.za, Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria 0002

10 Junie 2010

OMSENBRIEF: ADV 4 /2010

**Die Skriba
Gemeentes van die Nederduitsch
Hervormde Kerk**

Geagte Skriba


MISBRUIK VAN MENSE EN MENSEHANDEL (“Human trafficking”)

Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering, Direksie van die Kinderhuise asook Die Ondersteuningsraad wil graag hierdie inligting oor mensehandel onder ouers en kinders van ons Kerk se aandag bring. Dit is belangrik dat u die saak met die nodige erns sal benader en die inligting ook met enige persoon wat belang hierby het, sal deel. Die inligting is so saamgestel dat dit praktiese riglyne vir ouers en kinders in die hand gee.

Misbruik van mense en mensehandel (moderne slawerny) is vandag nog net so relevant as 400 jaar gelede – net met 'n effens ander gesig! Die derde wêreld, en spesifiek Afrika, is steeds die grootste teiken van hierdie wêreldwye misdaadbedryf. Dit is ontstellend hoe algemeen hierdie misdade voorkom: praat maar met vriende of familie, of doen selfs net 'n vinnige soektog op die internet.

Hoe word die slagoffers gevang?

- Mense (veral jong meisies) word bedwelmd deur by openbare kuierplekke iets in hulle drankies te gooi. Soms is die kroegman of kroegmeisie self betrokke; soms is dit mense wat kom saamkuier of selfs drankies koop.
- Mense word met mooi beloftes gewerf om op eksotiese plekke te gaan werk, of gelok na plekke waar hulle ontvoer kan word.



Wat gebeur met die slagoffers?

- Soms word hulle deur 'n individu of groep mense aangerand en/of seksueel misbruik.
- Soms word hulle gedwing om as prostitute te werk.
- Kinders word soms as goedkoop arbeid misbruik (terwyl kinders onder 16 jaar volgens wet nie die arbeidsmark mag betree nie).
- Sommiges word as pionne gebruik om met dwelms handel te dryf, of dit te versprei.
- Party word gebruik om namens sindikate te bedel.
- In uiterste gevalle word die mense as slawe verkoop of vermoor ter wille van hulle organe.

Hoe gaan mensehandelaars te werk?


Daar is dikwels vier fases in die proses:

1. Die slagoffers word gewerf, uitgelok, verkul of ontvoer.
2. Die slagoffers word so gou moontlik uit hul omgewing vervoer.
3. Hulle word gevange gehou en van hulle lewensbronne en familie afgesny.
4. Die slagoffers word vir die misdadigers se oogmerke misbruik.

BASIESE WENKE OM KINDERS TE BESKERM

Hoe kinders hulself kan beskerm

1. **Vertel altyd jou ouers** waar jy gaan is en gaan wees
2. Moet **nooit iemand in die erf** of huis toelaat as jy alleen is nie
3. Gaan **roep altyd** eers jou ouer(s) as daar iemand by die deur en hek is voordat jy hul binnelaat.
4. Moet **nooit saam met iemand in 'n kar klim** as dit nie eers met jou ouers gereël is nie, of eers bevestig is deur byvoorbeeld 'n kodewoord.
5. **Moenie** sê dat jou ouers nie tuis is **as iemand huis toe bel** nie. Sê eerder dat hulle op die oomblik besig is en neem 'n boodskap.
6. Moet **nooit alleen na 'n publieke badkamer** of 'n afgeleë plek gaan nie.
7. **Vermy stil kortpaaie** en loop/ry eerder waar daar motors en mense is.
8. Moenie alleen by 'n **afgeleë parkie/ speelterrein** speel nie.
9. Gaan na die **naaste winkelassistent en/of betaalpunt** as jy verdwaal of wegraak in die winkel.
10. Moenie **geskenke en lekkergoed** by vreemdelinge neem nie.
11. Moet nooit **ryloop** of 'n **saamrygeleentheid** aanvaar nie.
12. Indien 'n **kar** jou volg of **ongemaklik stadig** langs jou ry, hardloop weg en skree. Hardloop na die naaste plek met mense, maar **moenie wegkruip in 'n leë erf nie**.
13. As 'n vreemde volwassene vir jou **aanwysings vra**, draai om en stap weg. Moenie met hulle praat nie.
14. As iemand jou **gryp en in 'n kar of gebou** wil inforseer – skree en krap die persoon.
15. Meld **vreemdelinge** wat gereeld sonder 'n doel by die skool of huis rondrentel, by die onderwyser of jou ouers aan.
16. As 'n volwassene vir jou 'n **geheim wil vertel**, sê aan hom dat jy dit nie wil hoor nie.
17. Indien 'n skelm dit regkry om jou te **ontvoer**, moet jy die volgende doen sodat die Polisie jou kan opspoor:
 - **Trek hare uit** en druk dit tussen die sitplekke in.
 - Maak seker jou **vingerafdrukke** is sigbaar op vensters.
 - Skop jou toon stukkend dat daar **bloed** is.
 - Kou jou **naels** af en druk dit tussen die motor se sitplekke in.



Wat ouers kan doen om hul kinders te beveilig

1. Kinders moet gereeld **ingelig en herinner** word aan veiligheidsmaatreëls. Dit moet egter nie op 'n wyse hanteer word dat vrees by die kind gekweek word nie.
2. Kinders moet bewus gemaak word van **gevaartekens**, maar moet nie in vrees leef nie.
3. Indien 'n kind vir jou iets vertel, maak seker dat jy **werklik luister** na wat die kind vertel, aangesien die inligting van baie waarde kan wees. Let ook op na die kind se lyftaal.
4. Motiveer 'n kind om met 'n volwassene wat hy vertrou te praat indien hy/sy **ongemaklik voel** oor die manier waarop 'n persoon na hom/haar kyk of aan hom/haar vat.
5. Kinders wat alleen by 'n huis is moet **NOOIT die voordeur antwoord** indien daar iemand aanklop nie -, **selfs al is dit 'n bekende** persoon, want statistiek bewys dat dit in 75% van die gevalle bekende persone is wat kinders ontvoer en molesteer.
6. Kinders moet geleer word om eers hul **ouers te roep** indien daar iemand by die huis opdaag voordat hul die hek of deur vir die persoon oopmaak.
7. Kinders moet onder **geen omstandighede persoonlike inligting** oor die telefoon weergee nie.
8. **Noodnommers** moet beskikbaar en sigbaar wees indien 'n kind in nood verkeer en vir hulp moet bel.
9. Omliggende **bure se kontaknommers** moet tot die kinders se beskikking wees .
10. Ouers moet seker maak dat hul **altyd gekontak** kan word indien hul kinders alleen tuis is.
11. Indien die ouers nie in geval van nood gekontak kan word nie, moet **alternatiewe kontakpersone en -nommers** tot die kinders se beskikking wees.
12. **Noodreaksie moet ingoef** word by die huis.
Byvoorbeeld :
 - Wat doen jy as jy 'n vreemde persoon in die erf sien?
 - Waar moet die kind wegkruip?
 - Waar is die onderskeie panieknoppie?
 - Waar word die brandblussers gestoor?
 - Waar is die sleutels van die deure?
13. Kinders moet hul eie **adres en ouers se kontaknommers ken**.
14. **Ouers en kinders moet afsprek** waar hul mekaar sal ontmoet indien een van die twee partye mekaar om onvoorsiene redes nie kan opspoor nie. Bv. Mamma sal jou altyd in die klas kom haal. As jy nie vir mamma kry nie – gaan wag altyd by die klas.
15. Besluit saam oor 'n **kodewoord** waarvan net jy en jou kind weet. Indien dit nodig is om alternatiewe reëlins te tref ten opsigte van byvoorbeeld vervoer, moet die kodewoord deur die persoon wat die kind gaan haal aan die kind gegee word. So sal die kind weet dat sy ouers wel die alternatiewe reëlins getref het.
16. Kinders word verwar deur ouers wat met “vreemdelinge” praat. Kinders moet bewus gemaak word dat hul **slegs met vreemdelinge mag praat indien hulle in lewensgevaar verkeer**.
17. Kinders moet daarop gewys word dat “**slegte vreemdelinge**” net soos goeie vreemdelinge lyk en dat dit daarom beter is om nie met vreemdelinge te praat nie.
18. Kinders se **name moet nooit sigbaar** op hul klere en tasse wees nie. Volwassenes met slegte motiewe kan kinders op hul name noem en sodoende hul vertrouwen.
19. Ouers moet altyd weet **waar hul kinders hul bevind**.
20. Moet **nooit jou kind alleen laat** in 'n kar, stootwaentjie of winkeltrouie nie.
21. Gaan altyd saam met jou kinders na 'n **publieke badkamer**.



22. Kinders moet geleer word om **nie saamrygeleenthede en geskenke** van vreemdelinge te aanvaar nie.
23. Kinders moet geleer word om **altyd in 'n groep te beweeg** of saam met hul ouers of hul vriende te bly, veral op skooluitstappies en in winkelsentrums.
24. Kinders moet **ingelig wees oor kinderontvoerings** en die gevaar waarin hulle moontlik kan verkeer.
25. **Verseker jou kinders** dat jy hulle altyd sal gaan haal en beskerm indien hulle in 'n ongemaklike situasie verkeer.
26. Leer jou kind om moontlike **gevaarsituasies te kan identifiseer** en om na **fynere besonderhede** op te let om dit later deur te gee indien nodig.
27. Lei jou kind om in **“survival mode”** te dink indien hul in 'n gevaarsituasie verkeer.
28. Wees versigtig om **persoonlike inligting** omtrent jou en jou kind uit te gee (bv “werwingsmaatskappye” wat kinders vir modelwerk soek) Hierdie “vorms” vra baie keer inligting soos adresse ens.
29. Ken en leer saam met jou kind die wêreld van die moderne tegnologie (Facebook; Mixit; internet; Twitter ens). Kinders word baie maklik met behulp van die metodes “uitgelok”.
30. Vir kinders wat **oorsee** gaan werk / bv modelkontrakte aangebied word:
 - Doen navraag omtrent die persoon wat die werwing doen.
 - Teken 'n kontrak met die werkgewer *alvorens* jy die land verlaat.
 - Reël vooraf dat jy jou familie sal sms as jy arriveer.
 - Reis met 'n afskrif van jou paspoort.

Die misbruik van kinders en mensehandel is deel van ons werklikheid. Maar om in vrees te leef, verlam 'n samelewing. Wees daarom pro-aktief, maar nie histeries nie. Wees bedag, maar bly vra vir God se beskerming – ook vir die kwesbaarste mense in ons gemeenskap.

Noodnommers:

Polisie 10111

Internasionale organisasie vir imigrasie: 0800 555 999

Childline: 08000 555 55

Aanmeld van mense-handel: 08000 737283

Dr WJ Coetzer

Sekretaris: Kommissie van die ADV

